agra
SERVICE-RANGE-COUNTRYWIDE
RING
AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

ALCO-SKAAPVOERKRAAL KOM IN BEDRYF

Die besluit van die Namibiese Regering om met behulp van binnelandse kleinveeverslagting waardetoevoeging en werkskepping te stimuleer, stel 'n totaal nuwe scenario daar vir die kleinveebedryf in die geheel. Dit beïnvloed ook Agra Lewendehawe Suid drasties en noodsaak totale hersienning van Agra se dienste in die Suide.

In kort kom dit daarop neer dat die beperkings op die Namibiese/RSA-grens (ten opsigte van uitvoere van lewendige diere) RSA kopers grootliks uit die mark haal. Daarmee saam gaan skaapveilings en skakeldienste na RSA kopers asook direkte bemarking na RSA-abbattoirs, geleidelik vervaag en selfs later uitfaseer. Bemarking sal dus baie vinnig beweeg na direkte bemarking na Namibiese abattoirs. Die agent sal gevolglik 'n al kleinerwordende rol speel na mate kontrakte tussen produsente en abattoirs in plek kom. Agra moet hierdie veranderde scenario raaksien en die Koöperasie herposisioneer ten einde relevant te bly en steeds 'n sinvolle diens aan die kleinveebedryf te lewer.

Alle kleinvee is nie deur die jaar markgereed nie en die Namibiese weerpatrone veroorsaak dat daar meestal 'n groterige persentasie van Namibië se produksie as ligte of skraal lammers oor die skaal of direk bemark word. Kopers in RSA het tot nou toe hierdie lammers opgekoop en geakkommodeer - hetsy in 'n voerkraal of in 'n spesifieke mark. Hierdie bemarkingskanaal verswak nou en bied 'n geleentheid vir Agra om iets in plek te sit. Vandaar dus die rasionaal om 'n skaapvoerkraal te Mariental op te rig.

Die kraal is reeds voltooi en die eerste lammers ingekoop. ALCO (Agra Livestock Company (Pty) Ltd) sal voortaan lammers oor die skaal aankoop en dit in die kraal afrond vir bemarking na die abattoirmark. Dit mag egter ook later so ontwikkel dat die kraal 'n afrondingsdiens aan produsente kan lewer ("contract feeding"). Namate die kraal se aanvangsprobleme uitgesorteer is, sal daar aandag aan hierdie moontlikheid gegee word.

Die inname van lammers het reeds in aanvang geneem

Die kraal is ontwerp om 8 500 skaap te akkommodeer wat 'n deurset van 100 000 lammers per jaar beteken. Voeding van die diere vind by wyse van elektriese voertrollies plaas, wat beteken dat die diere baie keer per dag gevoer kan word aangesien een voeding van die 8 500 diere nie langer as 7 minute behoort te duur nie.

Voer word in grootmaat direk in die silos voorsien vanwaar dit elektries na die voertrollies oorgeplaas word

Die voertrollies versprei die voer eweredig in enkele minute oor die totale vreetspasies

Die ontvang/uitlaai gedeelte van die kraal is met metaal gebou en baie netjies en stewig

Die kraal is net noord van Mariental geleë, langs die Agra veilingskrale en enige produsent is welkom om hom/haar te vergewis met 'n besoek oor hoe die fasiliteit daar uitsien.

George en Belinda Pearson, asook Christie en Leoni van Tonder is die personeel wie u daar kan kontak by telefoon nommer (063) 241551; 241550 of 241553. U kan ook George (081 122 3623) of Christie (081 122 3616) per selfoon kontak. Die e-pos aansluiting sal u kan maak deur te versend na *alco@agra.com.na*
Indien u enige navraag het of diere om te bemark na die voerkraal, kan u bostaande persone kontak, of enige ander Agra Lewendehawe beampte in u omgewing. ALCO - en ook Agra beamptes staan gereed om u te besoek en saam na u diere te kyk ten opsigte van aankope oor die skaal of direkte bemarking na abattoirs. Produsente (kommunaal en kommersieel) is ook welkom om lammers op die voerkraalterrein vir verkope aan te bied.

Agra glo dat hierdie fasiliteit 'n waardevolle toevoeging tot die bemarking van kleinvee in Namibië is en vertrou dat menige produsent hierby sal baat.

ALCO
Agra Livestock Company (Pty) Ltd

ALCO-SKAAPVOERKRAAL KOM IN BEDRYF

Editor's Note

The Annual General Meeting of the Co-operative is scheduled to take place on the 11th of November this year. To make it worthwhile for our members who travel a great distance to attend, it was decided to coincide the gathering this year in Windhoek with a very interesting information day.

The event will be taking place at the Agra/ Standard Bank Ring at the Windhoek Show grounds. On page 3 you will find more information pertaining to the highlight of the event: a seminar presented by well-known speaker, Claud Möller on "the cheese moves and we move with it"

In our leading article we proudly announce the completion of the ALCO (Agra Livestock Company (Pty) Ltd) Feedlot in Mariental. We will be keeping you updated on relevant and interesting issues concerning the feedlot within the months to come.

Greetings until our next issue.

Lélanie Farmer
Marketing Officer
Tel. 061 - 290 9299
Fax. 061 - 290 9250
Private Bag 12011
Windhoek
E-mail: lelanie@agra.com.na

SKOU SHOW

Die Agra tak se uitstalling tydens die Grootfontein skou, wat hulle die skoubeker besorg het

SKOU SHOW

Dié twee massiewe Holstein & Brahman kruising osse het baie skougangers by die Grootfontein Skou laat staar

SKOU SHOW

Telers spog met diere by skoue

Namibië se twee grootste landbou- en handelskoue wat jaarliks plaasvind, is voorwaar dié van Windhoek en Grootfontein...en vanjaar was geen uitsondering nie. Grootfontein se Skou wat vanaf 22 -25 September plaasgevind het, het die belangstelling van verskeie Keinvee en Grootvee telers gelok. Kleinvee wat tydens die geleentheid vertoon is het bestaan uit 3 Persies, 113 Bokke, 22 Damara Skape, 39 Van Rooy Skape en 34 Slaglammers. In die Grootvee-afdeling is daar 260 beeste en 37 slagosse geskou. Ses-en-dertig saalperde is ook tydens dié skou vertoon.

Hoewel meeste van die diere geskou om een of ander prys meegeding het, was daar egter twee Holstein & Brahmankruising osse wat almal se aandag op die skou getrek het. Die twee osse is op 25-1-1998 en 8-2-1998 onderskeidelik geboorte. Hulle geboortegewig was 53kg en 65kg. Dié osse wat aan Mnr. Pieter Mütcher behoort, is blykbaar vanaf geboorte ongeveer 2kg veldafrondkorrels of suiwelmeel (afhangende van wat beskikbaar was) gevoer. Voermeerster het die twee osse tot almal se ongeloof uitgestal. Verskeie mense het 'n raaiskoot gewaag oor wat hulle huidige gewig is. Wel, die punt van die skaal het uiteindelik getrek op 1 330kg en 1 340kg onderskeidelik!

Agra se Grootfontein tak het ook weer soos in die verlede by dié skou uitgestal en met die skoubeker weggestap vir hulle treffende uitstalling. Verskeie van Agra se verskaffers het te same met Safari Den uitgestal. 'n Hoogtepunt van die uitstalling was Mnr. Mike Walls, Verkoopsbestuurder van Agriwire, se demonstrasie oor nuwe draadspan tegnieke met die gebruik van nuwe draadspan (las) gereedskap en -produkte wat beskikbaar is.

Met Windhoek se skou wat vanaf 1-9 Oktober plaasvind het, het produsente van die hele land saamgetrek om hulle groot- en kleinvee te vertoon. In die kleinvee-afdeling is weereens die 1 000 merk oorgesteek toe 1 119 kleinvee van 39 vertoners ingeskryf is en 244 kleinvee op die kleinvee veiling aangebied is. Wat die aantal inskrywings nog meer uniek gemaak het, is dat dit nie die Boerbok en Dorper (Namibië se grootste twee kleinvee rasse) se kampioenskappe was nie, maar wel dié van die Van Rooy en Damara rasse. Dié rasse se getalle is ook besig om vinnig toe te neem. Iets nuuts hierdie jaar was die Kalahari Reds en die Swartkop Persies wat ook vertoon was.

Die verdeling van die inskrywing vir vertoning was: 410 Boerbokke, 153 Dorpers, 58 Wit Dorpers, 206 Damaras, 176 Van Rooys, 13 Kalarahari Reds en 3 Swartkop Persies. Uitslae van die kleinvee kampioene tydens die skou was soos volg:

Ras		Eienaar
Boerbok	Groot Kampioen Ooi	D. Louw
	Reserwe Groot Kampioen Ooi	T. Coetzee
	Nasionale Kampioen Ram Reserwe	W. Coetzee
	Nasionale Kampioen Ram	K. van Wyk
Dorper	Nasionale Kampioen Ooi Reserwe	A. Klein
	Nasionale Kampioen Ooi	H. van Niekerk
	Groot Kampioen Ram	P. Klein
	Reserwe Groot Kampioen Ram	P. Klein
Wit Dorper	Nasionale Kampioen Ooi Reserwe	H. van Niekerk
	Nasionale Kampioen Ooi	P.A. Myburg
Damaras	Nasionale Kampioen Ooi Reserwe	N. Kruger
	Nasionale Kampioen Ooi	C. Labuschagne
	Nasionale Kampioen Ram Reserwe	C. Labuschagne
	Nasionale Kampioen Ram	P. Coetzee
Van Rooy	Groot Kampioen Ooi	S.F. Theron
	Reserwe Groot Kampioen Ooi	P.B. Coetzee
	Nasionale Kampioen Ram Reserwe	P.B. Coetzee
	Nasionale Kampioen Ram	P.B. Coetzee
Kalahari Reds	Groot Kampioen Ooi	Tsumis Landbou Kollege
	Reserwe Groot Kampioen Ooi	Tsumis Landbou Kollege
	Nasionale Kampioen Ram	Tsumis Landbou Kollege
	Reserwe	
	Nasionale Kampioen Ram	Tsumis Landbou Kollege
Slagvee - Windhoek	Nie-vet stert Kampioen	P.A. Myburg
	Nie-vet stert Reserwe Kampioen	A. Louw

In die Grootvee-afdeling het 54 produsente vanjaar 553 diere tydens die skou vertoon. Die veilingsdiere het 57 beloop terwyl 51 slagosse vertoon is. Uitslae van die Grootvee vertonings was soos volg:

Ras		Eienaar
Limousin	Ras Kampioen Koei	S. Wilckens
	Reserwe Ras Kampioen Koei	H. Human
	Ras Kampioen Bul	S. Wilckens
	Reserwe Ras Kampioen Bul	S. Wilckens
Simmentaler	Ras Kampioen Koei	F.W. Günzel
	Reserwe Ras Kampioen Koei	H. Riedel
	Ras Kampioen Bul	S. Martin
	Reserwe Ras Kampioen Bul	S. Martin
Afrikaner	Ras Kampioen Koei	W.S. Tromp
	Reserwe Ras Kampioen Koei	C.L. Mouton & Sns.
	Ras Kampioen Bul	C.L. Mouton & Sns.
	Reserwe Ras Kampioen Bul	C.L. Mouton & Sns.
Brahman	Ras Kampioen Koei	S. von Luttwitz
	Reserwe Ras Kampioen Koei	F.N. Junius
	Ras Kampioen Bul	I. Kahungi
	Reserwe Ras Kampioen Bul	G.&C. Hellinghausen
Braunvieh	Ras Kampioen Koei	W. Versfeldt
	Reserwe Ras Kampioen Koei	D.B. Delport
	Ras Kampioen Bul	D.B. Delport
	Reserwe Ras Kampioen Bul	W. Versfeldt
Charolais	Ras Kampioen Koei	B. Calitz
	Reserwe Ras Kampioen Koei	B. Calitz
	Ras Kampioen Bul	B. Calitz
	Reserwe Ras Kampioen Bul	B. Calitz
Simbra	Ras Kampioen Koei	D. Metzger
	Reserwe Ras Kampioen Koei	M. Weichman
	Ras Kampioen Bul	D. Metzger
	Reserwe Ras Kampioen Bul	M. Weichman

Telers spog met diere by skoue

Ras		Eienaar
Santa Gertrudis	Ras Kampioen Koei	Kavango Boerdery
	Reserwe Ras Kampioen Koei	G.T. de Jager
	Ras Kampioen Bul	G.T. de Jager
	Reserwe Ras Kampioen Bul	Kavango Boerdery
Hereford	Ras Kampioen Koei	John Bull Herefords
	Reserwe Ras Kampioen Koei	R.G. Dorgeloh
	Ras Kampioen Bul	R.G. Dorgeloh
	Reserwe Ras Kampioen Bul	H. Kebbel
Interras Kampioene	Groot Kampioen Koei	D. Metzger
	Reserwe Groot Kampioen Koei	S. Wilckens
	Groot Kampioen Bul	I. Kahungi
	Reserwe Groot Kampioen Bul	D. Metzger
Interras Dubbeldoel Kampioene	Groot Kampioen Koei	F.W. Günzel
	Reserwe Groot Kampioen Koei	H. Riedel
	Groot Kampioen Bul	D. Delport
	Reserwe Groot Kampioen Bul	W. Versfeldt
Select Koei Slag-kompetisie	Simmentaler	F.W. Günzel
	Kampioen Karkas	C. Bergmann
	Reserwe Kampioen Karkas	A. Compion

Dié Swart Persies van Mnr. Wian Brandt en die Kalahari Reds van Tsumis Landbou Kollege was 'n nuutjie by die Kleinvee-afdeling van die Windhoek Skou

Agra se handelsafdeling het ook weer vanjaar saam met Safari Den, Agra Distribuisie Sentrum en verskeie verskaffers die Windhoek Skou uitgestal. Met Sossusvlei as tema is die aandag veral gevestig om die kampeertoerusting en - produkte wat by Safari Den beskikbaar is. Produsente het egter ook die geleentheid gehad om direk met verskaffers van ondermeer veemedisyne, veevoere en bekermingsklere vir werkers te gesels.

Dit was egter Agra se grootvee veiling wat op 8 Oktober 2004 by die Agra/Standard Bank Ring aangebied is, wat die week van Lewendehawe vertonings op 'n hoogtepunt afgesluit het. Tydens dié veiling is sewe-en-veertig bulle van verskillende beesrasse te koop aangebied, waarvan twee-en-dertig verkoop is. Die gemiddelde pryse vir die onderskeie rasse behaal, was:

Brahmane	N$ 19 786
Braunvieh	N$ 18 750
Hereford	N$ 23 000
Limousin	N$ 18 167
Santa Gertrudis	N$ 15 000
Simbra	N$ 21 944
Simmentaler	N$ 15 944

Van die drie bulle wat die hoogste pryse op die veiling behaal het, was twee afkomstig van die Simbra ras en een van die Brahman ras. Die Simbra bul van Mnr. Jan Meyer het die hoogste bod op die veiling behaal en is vir N$ 36 000 aan Bleka Trust verkoop. Die tweede hoogste bod is toegeken aan die Simbra bul van Kamab Guest Farm (Mnr.Diethelm Metzger). Mnr. Willie Horsthemke het N$ 30 000 vir die bul betaal.

Die derde hoogste prys van N$ 28 000 is deur Mnr. Dirk Uys betaal vir 'n Brahman bul van Mnr. Kaspar Günzel.

Voorwaar het die telers vanjaar baie moeite gedoen om hulle beste kwaliteit diere op Namibië se landbou skoue ten toon te stel, dikwels teen hoë koste. Van Agra se kant wil ons alle vertoners en selfs telers wat hulle diere tydens die grootvee veiling te koop aangebied het, gelukwens met die uitstekende voorbereiding wat hulle deur die jaar gedoen het om top kwaliteit diere na die skoue te bring.

Vooraansig van die Agra Handelstalletjie tydens die Windhoek Skou

Die hoogste prys van N$ 36 000 is deur Bleka Trust (RSA) vir die Simbrabul van Mnr. Jan Meyer betaal

Dié bul van Diethelm Metzger is vir N$ 30 000 deur Mnr. Willie Horsthemke gekoop

Mnr. Kaspar Günzel se Brahmanbul is vir N$ 28 000 aan Mnr. Dirk Uys verkoop

Interessante Inligtingsdag beplan saam met AJV

Die Algemene Jaarvergadering is vanjaar geskeduleer om op 11 November plaas te vind. Ten einde die geleentheid egter meer interessant te maak en ons lede sodoende 'n rede te gee om 'n paar kilometers te reis, het Agra vanjaar besluit om die Algemene Jaar Vergadering saam met 'n Inligtingsdag aan te bied. Diegene wie vanjaar die uiters suksesvolle Omatjenne Dag bygewoon het, sal daarvan kan getuig dat dit absoluut die moeitewerd is om so 'n geleentheid by te woon.

Die Inligtingsdag & AJV sal by die Agra/Standard Bank Ring (op die Windhoek Skougronde) aangebied word. Die registrasie vind vanaf 08:30 plaas en alle lede word versoek om asseblief die registrasievorm in te vul aangesien u 'n kans sal staan om moontlik een van drie aantreklike pryse te wen. Teen 09:00 sal die verrigtinge begin met 'n opening en verwelkoming. Dié sal gevolg word deur die Algemene Jaarvergadering.

Bekende Korporatiewe Kultuur Spesialis,Claude Möller, sal vanaf 11h00 'n seminaar aanbied oor die onderwerp: **DIE KAAS SKUIF EN ONS SKUIF SAAM - die hantering van verandering en wisseling in die Landbou-omgewing**. Enkele aspekte wat hy tydens die seminaar sal hanteer is:

- *Hoe om te lag vir 'n gatslag;*
- Die hantering van onmoontlike situasies en verandering;
- *Hoe om jou Bankbestuurder deur sy depressie te help;*
- Hoe om gemotiveerd te bly te midde van neerdrukkende omstandighede;
- *Hoe om dun te voel as jy dik is;*
- Hoe om planne te maak as jy raadop is - 'n Plan maak 'n Boer!;
- *Wat om te doen as die mango deur die fan gaan;*
- Formulering van 'n positiewe denkmodel vir oorlewing;
- *Die A-Z van Skuleiser-ontsnapping;*
- Die HOE van KOPSKUIF;
- *Hoe om opgewonde te raak oor 'n grondeis;*
- Hoe om MOEILIKHEDE as UITDAGINGS te hanteer;
- Hoe om saam met die slang in die drinkwater te swem

Sonder borge sou die dag ook nie moontlik kon wees nie - daarom gaan ons dank aan Standard Bank wat as hoofborg van die dag sal optree. Ander borge wat ook die dag betrokke raak en verskillende interessante onderwerpe sal bespreek is Namox, Intervet en Voermeester. Buiten die onderwerpe waarna geluister kan word, sal Mnr. Mike Walls van Agriwire ook 'n demonstrasie lewer oor die nuutste draadspan (las) tange en produkte wat beskikbaar is.

Verskeie verskaffers sal ook tydens die dag uitstal en spesifieke tyd sal ingeruim word vir besoeke aan die stalletjies. Middagete sal ook bedien word en die dag sal met 'n hoogtepunt afgesluit word as ons almal lekker om die braai saamkuier en na die musiek van Anet Steyn luister!

Ons nooi alle Agra lede hartlik uit, spesifiek ook ons deeltydse boere om Donderdag 11 November uit te sonder as 'n **AGRA DAG** - nie net omdat dit die Algemene Jaarvergadering is en u bywoning as lid belangrik is nie, maar ook omdat dit 'n besondere dag sal wees vir alle produsente om kennis in te win, informeel saam te kuier en motiveringsvlakke 'n hupstoot te gee tot die einde van die jaar!

Ons sien uit om u en u gade daardie dag by die Agra/Standard Bank Ring te ontvang. Vir enige verder navrae skakel asseblief Janita von Wielligh, Bemarkingsbestuurder, by telefoonnommer 061(290 9264) of selfoon 081 122 3302.

WEEDS

Weeds can be defined as undesirable plants. The control and elimination of weeds is a basic requirement for a neat garden and healthy lawn. Large individual weeds can easily be removed by hand, but the use of arduous weeding, for example in cases where a lawn has generally been infested by weeds, or the weeds are spread over large area.

Selection and application of herbicides (weedkillers) should be done with care as they might affect plants other than the weeds.

Herbicides are either selective, killing only certain types of plants, or non-selective, killing all plant life with which they come into contact. Plants (including weeds) can be classified as broadleafed, narrowleafed (grasses) and woody by nature. Herbicides are mainly effective on plants in these individual groups.

Selection of the correct herbicide can only be done after establishing the following:

- the type of weed to be eradicated (broad/narrowleafed or woody plant).
- the location of weeds. A broadleafed weed cannot be sprayed if it is surrounded by broadleafed shrubs, as the latter will be killed as well. A broadleafed weed in a lawn can however be killed by spraying with a selective weedkiller, without affecting the lawn.

Application of herbicides should be carried out strictly in accordance with instructions on container labels, or enclosed pamphlets.
Use a good quality pressure sprayer, such as the **Hozelock** range of sprayers, to achieve even and accurate application. A mix nozzle connected to a hose pipe or a watering can should not be used as the spray cannot be accurately controlled and the wrong plants may be contaminated.
Some herbicides have a residual action and remain active in the soil for a period of time, preventing germination of weeds. They can however also kill newly planted shrubs and flower.
Some herbicides have a contract or a contract/systemic action. A contact herbicide will only kill those parts of a plant with which it comes into contact, and can be effectively used for annual weeds. A contact/systemic herbicide will only kill those parts of a plant, killing the entire plant. The latter type of herbicide is effective on both annual and perennial weeds. A systemic herbicide takes 8 to 10 days to act, whereas results are visible sooner with a contact type.

Huiswenke

- 'n Pypskoonmaker of ou tandeborsel wat in paraffien gedoop en dan drooggemaak is sal stof en donsies uit gleufies verwyder, soos die van 'n rekenaartoetsbord of naaimasjien.
- Gebruik jou stofsuier om die krummels uit jou oond te kry nadat jy beskuit gebak het. Laat die oond eers goed afkoel.
- Week stoflappe 'n ruk lank in lampolie en laat hulle in die son droog word. Sulke lappe tel stof baie beter op.
- Verwyder vlekke in 'n bad deur dit met 'n paraffienlap te vryf.

INDENTIFICATION AND CONTROL OF WEEDS - WEEDKILLERS

Soft broadleaf weeds (annual)	New lawns	Banweed MCPA
	Estabilised lawns	Turfweeder
		Hormoban
	No weed Lawn RTU	
Yellow Nutsedge	Found in lawns	Basagran
Grasses	Found in gardens and on paving	Roundup
	No Weed Paving RTU	
Woody Plants / Shrubs / Trees	Found in gardens	Garlon 4
Winter grass (Poa annua)	Found in certain varieties of established lawns	Kerb
Broadleaf weed and grass seeds	Among established garden plants	
	(Control shallow germinating seeds)	Snapshot

Nuwe Akkerboukundige in Agra geledere

Paul Klein, bekende in die Namibiese landbou en veral die Akkerbou kringe, het in Oktober by Agra aangesluit as Akkerboukundige. Paul is 'n boorling van Mariental wie sy Hoërskool loopbaan aan Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch voltooi het. Vandaar is hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy die graad BSc. Agric (Akkerbou) in 1989 verwerf het. Buiten Akkerbou sluit sy ander hoofvakke Grondkunde en Landbou-ekonomie in. Hy is ook tans besig met 'n Program in Agri-Bestuur aan die Universiteit van Stellenbosch en behoort die kursus teen einde van die jaar te voltooi.

Sy werksloopbaan het in 1989 in aanvang geneem toe hy as Vakkundige in die noorde (hoofsaaklik Kavango/Caprivi area) by Namibia Development Corporation aangestel is. Tydens die tydperk het hy veral ondersoeke en implementering van projekte soos Etunda, Omega, Aussenkehr (ORIP) en die Naute Dadel Projek, behartig. Gedurende die laat negentigs was hy werksaam as Projek Analis en sy take het ondermeer die volgende ingesluit: ontwikkeling van produksie programme en begrotings, bemarking van produkte, opleiding, projek beplanning en monitering asook uitvoering van lewensvatbaarheidstudies en samestelling van ontwikkelingsplanne.

Sedert Mei 2000 was hy die Projek Bestuurder van die Naute Dadel Projek, wat 250 hektaar onder besproeiing beslaan. Gewasse wat daar geproduseer word, bestaan uit katoen, mielies, koring en dadels. Dit was ook onder Paul se bestuur dat dié Namibiese produksie eenheid dadels suksesvol kon begin uitvoer na Europa, met die hulp van internasionale markagente.

Paul, wie self 'n deeltydse boer is, sê dat hy besef watter uitdagings die sektor bied. Verder, weens sy betrokkenheid by 'n groot boerdery eenheid, is hy vertroud met die bestuursuitdagings en is sy kennis nie net beperk tot gewasproduksie nie. Deur sy besoeke aan lande soos Israel, Marokko en Kalifornië, is hy ook op hoogte van landboupraktyke en -bestuur oorsee.

As Akkerboukundige sal Paul hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik wees om tegniese advies aan bestaande en potensiële kliënte van Agra in die akkerbou sektor te verskaf. Dit sluit advies rakende ondermeer waterontleding, grondontleding en bemesting-aanbevelings in. Paul sal ook kliënte van raad kan bedien oor die beplanning en beheer van hulle akkerbou aktiwiteite, en die diagnosering en hantering van akkerbou-verwante probleme. Hy sal ook deur middel van wetenskaplik gebaseerde metodes poog om die kwaliteit en waarde van oesproduksie te verhoog. Laastes sal die vestiging en versterking van langtermyn verhoudings met akkerbou verskaffers, 'n hoë prioriteit geniet.

Volgens Paul self, sal hy graag deur 'n gesamentlike poging elke produsent se winsmarges wil verhoog. Verder wil hy ook Agra vestig as 'n belangrike vennoot in tradisionele produksie areas, die Greenscheme en die ontwikkeling van onderbenutte potensiaal in die land. Sy onmiddellike doelwit vir die volgende paar maande is "om die produsente en hul spesifieke boerdery omstandighede te leer ken. Die oogmerk is om met behulp van die regte insette op die regte tyd, produsente te help om koste-effektief te produseer vir maksimale finansiële opbrengs".

Die bestuur van Agra verwelkom Paul in Agra geledere en hoop dat hy nie net 'n belangrike bydrae tot Agra se Akkerbou lede en kliënte sal lewer nie, maar dat hy ook sy loopbaan verder in Agra sal kan uitbou met toepaslike kennis en ondervinding.

Paul Klein, wie in Oktobermaand die posisie van Akkerboukundige in Agra opgeneem het

VOERMOL

Wat die natuur kort – sal Voermol voorsien

Probleem op droë grasveld

Die hoë ruvesel- en lae proteieninhoud van droë weiding is verantwoordelik vir die lae verteebaarheid daarvan wat tot lae energie-inname aanleiding gee. Die gevolg is dat die diere kondisie en massa verloor wat regstreeks tot lae lam- en kalfpersentasies aanleiding gee. Wanneer grasweidings begin verdroog, onstaan daar gewoonlik `n tekort aan proteien wat tot gevolg het dat die microbes in die grootpens van die dier begin afsterf. Gevolglik neem die vertering van die ruvoer af en kom daar dus minder energie vir die dier beskikbaar wat lae producksie en reproduksie tot gevolg het.

OPLOSSING

Die voer van Voermol Super 18 voorsien die microbes in die grootpens van noodsaaklike voedingstowwe soos vinning beskikbare proteien en energie asook minerale wat hull verteringsvermoe verhoog. Dit stimuleer die eetlus van die diere en verhoog terselfdetyd die inname van droe weiding. Dit het verminderde massa- en kondisieverlies tot gevolg wat tot hoer produksie en reproduksie lei.

- Voermol Super 18 is `n proteien-, mineral-, en energie supplement vir beeste, bokke, skape en wild.
- Voer Super 18 aan koeie met kalwers om onnodige massaverlies na kalwing te voorkom.
- Voer Super 18 as prikkelvoeding aan ooie vanaf drie weke voor paring vir ongeveer 6 weke.
- In dudes waar die voorkoms van melkkoors asook die vassit van nageboortes `n problem is kan Super 18 groot verligting bring. Voer Super 18 mengsel teen 2-4 kg per koei per dag vanaf drie weke voor kalwing. Dit is belangrik om nie peulgewashooi tydens hierdie drie weke te voer nie.
- Voermol Super18 mengsel kan ook as droëkoeimengsel gevoer word.

VOORDELE

- Stimuleer weidingsinname inteenstelling met grane wat substitusievoeding tot gevolg het.
- Voorsien proteien wat eetlus stimuleer en dus selektiewe beweiding verminder waardeur benutting van onsmaaklike droë weiding verhoog word.
- Help om massaverlies gedurende die droë seisoen te beperk en selfs te voorkom met gevoolglike hoër lam- en kalfpersentasies.
- Weens sy hoë energie-inhoud is dit ook geskik vir jonger diere.
- Bevat swivel wat die omsetting van stikstof na deurvloeiproteïn in die grootpens bevorder en dus doeltreffende benutting van ureun en ander nie-proteïenstikstofbronne verseker.
- Melasse-gebaseer en dis nie stowwerig nie en waai ook nie weg nie.
- Ureum is in melasse opgelos wat die gevaar van ureumvergifting verlaag.
- Voorsien Vitamien A wat beperkend is op droë weiding.
- Kan aan skape, bokke en beeste in dieselfde kamp gevoer word.

MENGINSTRUKSIES (kg)

TipeVoer	Mineralelek	Energie lek	Droë-koei-meng-sel	Suiwel 15	Lek vir laatdragtigooe
Voermol Super 18	40	400	200	120	160
Voermol HPK36/Proco 33	-	150	100	250	100
Graanmeel/Chop	-	300	200	600	200
Sout	50	100	-	5	50
Voermol Rumevite 12P	50	-	-	15	-
Voerkalk	-	-	-	-	5
Totaal	140	950	500	995	515
Samestelling (g/kg)					
Ruproteïen (min)	51	155	180	150	150
Ureum (maks)	4		18.2	5.5	13.4
Kalsium (maks)	13		3.9	5	3
Fosfor (min)	12		5.6	10	6.5
Energie (MJ ME/kg)	0		10.4	-	9.6
%Proteïen vanaf NPN(maks)	60		32	10.5	30.5

AUCTION

www.agra.com.na

Ministry of Agriculture, Water and Rural Development-

SACHINGA RESEARCH STATION

Tuesday, 2 November 2004

Registration: 09:00 Auction: 10:00

45 Sanga Bulls

Enquiries:
Kiep Lepen: 061 - 290 9220 / 081 124 0648
Gert van Wyk: 061 - 290 9252 / 081 122 3315
E-mail: **livestock@agra.com.na**

agra STUD SERVICES

AUCTION

www.agra.com.na

Ministry of Agriculture, Water and Rural Development-

UITKOMST RESEARCH STATION GROOTFONTEIN

Friday, 5 November 2004

Registration: 09:00 Auction: 10:00

27 Simmentaler Bulls
22 Simmentaler Cows

Enquiries:
Kiep Lepen: 061 - 290 9220 / 081 124 0648
Gert van Wyk: 061 - 290 9252 / 081 122 3315
E-mail: **livestock@agra.com.na**

agra STUD SERVICES

NOTICE

Agra has changed its trading hours at ALL branches on Saturdays, for our members and customers' convenience.

New trading hours on Saturdays are 8h00 to 13h00

KENNISGEWING

Vir ons lede en kliënte se gerief het Agra sy besigheidsure by ALLE takke op Saterdae verander.

Die nuwe besigheidsure op Saterdae is 8h00 tot 13h00

AGRA Veilings: November 2004

Website: www.agra.com.na

Dinsdag	02	Gibeon, Mariental	10:00
Woensdag	03	Tses, Keetmanshoop	10:00
Donderdag	04	Aub, Windhoek	10:00
Vrydag	05	Gobabis	10:00
Maandag	08	Windhoek Kleinvee	14:00
Dinsdag	09	Graal, Mariental	10:00
		Korridor 13, Gobabis	10:00
Woensdag	10	Grootfontein	10:00
		Duikersvlei	10:00
Donderdag	11	Otjiwarongo	10:00
		Produksieveiling: Rassie Maartens - Plaas: Esparanza, Gobabis	10:00
Vrydag	12	Omaruru	10:00
Dinsdag	16	Asab, Mariental	10:00
		Kamanjab	10:00
		Rehoboth Grootvee	10:00
Woensdag	17	Ariamsvlei, Karasburg	10:00
		Imkerhof, Otjiwarongo	10:00
Donderdag	18	Okahandja	10:00
Vrydag	19	Mariental	10:00
		Gobabis	10:00
		Otavi	10:00
Dinsdag	23	Outjo	10:00
		Maltahöhe	10:00
Woensdag	24	Karasburg	10:00
		Grootfontein	10:00
Donderdag	25	Windhoek Grootvee	10:00
		Otjiwarongo	10:00
Vrydag	26	Grootfontein Kleinvee	10:00
Dinsdag	30	Keetmanshoop	10:00
		Outjo Kleinvee	10:00
		Rehoboth Kleinvee	10:00